

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Parashah 50: *Ki Tavo* (כי תבוא) Wanneer Jy Binnegaan

Dan sal dit wees, wanneer jy in die land kom wat יהודה, jou God, jou as erfenis gee en jy dit besit en daarin bly..... Deut. 26:1 – PWL¹

Torah : Deut. 26:1 tot 29:8

Haftarah: Jes. 60:1 tot 22

Hernieude Verbond: Luk. 6:38; Luk. 21:1 tot 4; 2 Kor. 9:1 tot 15; 1 Tim. 5:17 en 18; Matt. 5:17 tot 19; Joh. 14:15; Rom. 3:31; Rom. 7:12 en 14; 1 Joh. 2:3 tot 6; Open. 12:17; Open. 14:12; Open. 22:14; Matt. 5:16; Joh. 17:11 en 14; Fil. 2:15; Titus 2:14; 1 Pet. 2:9 en 12; Rom. 1:18; 2:6 tot 11; 2 Kor. 5:10; Open. 20:11 tot 15; Open. 22:11 tot 15.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 50 wat afgelaai kan word by: [Parashah50Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelielied.info.

Satan is so much more in earnest than we are – he buys up the opportunity while we are wondering how much it will cost – Amy Carmichael.

We never grow closer to God when we just live life. It takes deliberate pursuit and attentiveness. – Francis Chan.

God wants the whole person and He will not rest till He gets us in entirety. No part of the man will do – A.W. Tozer.

Midrash (Torah Bespreking)

Deut. 29: 4 – ‘n Hart om te verstaan

Moshe het die hele Yisra'el geroep en vir hulle gesê: “Julle het alles gesien wat יהודה in Egipteland voor julle oë aan Farao, aan al sy dienaars en aan sy hele land gedoen het, die groot toetse wat jou oë gesien het, daardie groot tekens en wonders. Tog, tot vandag toe, het יהודה julle nie ‘n verstand, wil en emosie gegee om te verstaan, of oë om te sien, of ore om te hoor nie. Deut 29:2 tot 4 – PWL.

In verlede jaar se notas het ek ook op hierdie teksvers gefokus, maar wil graag my kommentaar ‘hersien’ en daarop uitbrei.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetsee by padwlewe@yahoo.com

Ons lees in hierdie gedeelte hoe Moses weeklaag oor die feit dat Israel steeds nie die begrip, wil en emosie (die hart) het om YHVH se liefde en goedertierenheid te verstaan nie, asook nie die oë het om dit te sien of die ore om dit te hoor nie. Met hierdie woorde het Moses nie net na die verlede verwys nie, maar ook profeties gespreek wat in die toekoms met Israel sal gebeur.

So het dit dan gebeur dat Israel nie die begrip, wil en emosie gehad het om YHVH se liefde soos dit in Yeshua openbaar word te verstaan nie. Die meerderheid van Israel van ouds was geestelik blind en doof en het daarom Yeshua as Messias verwerp! En dit ten spyte daarvan dat Moses reeds vir Israel gesê het dat YHVH 'n profeet soos hy uit hulle midde sal verwek na wie hulle moet luister.

Ek sal vir hulle 'n profeet soos jy laat opstaan uit die midde van hulle broers en Ek sal My woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle sê alles wat Ek hom beveel. Dit sal wees dat Ek dit self sal eis van die man wat nie luister, hoor en My woorde doen, wat hy in My Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie. Deut. 18:18 en 19 – PWL.

Ons weet hierdie profeet is Yeshua Messias en daarom het Yeshua gesê:

Ek kan niks uit My eie wil doen nie. Volgens wat Ek gehoor het, beoordeel Ek en My oordeel is regverdig omdat Ek nie My wil begeer nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. Joh. 5:30

En tog het Israel nie die hart gehad om te verstaan of die ore om te hoor en die oë om Yeshua as Messias te herken nie. Dit ten spyte daarvan dat hulle skrifgeleerdes die Skrifte van die Tanakh voortdurend ondersoek het.

Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie. Joh. 5:39 en 40

Daarom het Yeshua ook vir hulle gesê:

Dink julle dat Ek julle by die Vader aankla? Daar is een wat julle aankla, Moshe op wie julle 'n versekerde verwagting het, want ás julle Moshe geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskryf. Aangesien julle nie glo wat hy geskryf het nie, hoe gaan julle glo wat Ek sê?" Joh. 5:45 tot 47 – PWL.

Met die woorde *want hy het van my geskryf* het Yeshua waarskynlik verwys na ondermeer die volgende Skrifgedeeltes:

Die staf sal van Y'hudah nie weggaan nie, nóg die wetgewer van tussen sy voete uit totdat die Een kom aan Wie die septer behoort; aan Hom sal die nasies gehoorsaam wees. Gen. 49:10 – PWL.

Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: 'n ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver. Num. 24:17.

Israel in die dae van Moses en Israel in die dae van Yeshua het 'n 'hartprobleem' gehad. Moses se woorde is steeds vandag op die grootste deel van Israel van toepassing, naamlik: *Tog, tot vandag toe, het יהוה julle nie 'n verstand, wil en emosie gegee om te verstaan, of oë om te sien, of ore om te hoor nie (Deut 29:4).* Weens hulle hardheid van hart het die meerderheid van Israel Yeshua verwerp!

In die dae van Moses en tot met die koms van Yeshua het hulle weens hardheid van hart nie geluister na die woorde van Moses – YHVH se Torah nie. Die gevolg was dat hulle ontberinge van broedertwis, van ballingskap, van vervolging ondervind het en selfs uitwissing in die gesig gestaar het. Dit was YHVH se oordeel weens Israel se ongehoorsaamheid!

In die dae van Yeshua en tot die hede is die fisiese Israel se hardheid van hart die rede dat hulle nie na die woorde van Yeshua – die Lewende Torah – wil luister nie. Die gevolg is dat Israel deur die eeue tot vandag onder YHVH se oordeel leef!

Deuteronomium hoofstuk 28 dien as bevestiging hiervan, naamlik gehoorsaamheid aan die stem van YHVH bring seëninge en ongehoorsaamheid bring vloeke!

Nou sal dit wees, as jy יהוה, jou God, ywerig gehoorsaam, deur versigtig te wees om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen, יהוה, jou God, jou sal oplik bo al die nasies van die aarde. Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy יהוה, jou God, gehoorsaam. Deut. 28:1 en 2 – PWL.

Dit sal egter gebeur as jy יהוה, jou God, nie gehoorsaam nie, nie al Sy opdragte hou en Sy reëls doen, wat ek jou vandag beveel nie, al hierdie vloeke oor jou sal kom en jou oorweldig Deut. 28:15 – PWL.

Israel van ouds, asook die vreemdeling wat by hulle aangesluit het, moes na die stem (woorde) van YHVH luister. Israel van vandag, beide die fisiese en die geestelike Israel, moet na die stem (woorde) van YHVH Yeshua luister! Alleenlik dan sal YHVH se seëninge ons agtervolg! Dit is 'n geval van keuse!

Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur יהוה, jou God, lief te hê, deur Sy stem te gehoorsaam en aan Hom vas te hou, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae sodat jy kan woon in die land wat יהוה aan jou vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee.” Deut. 30:19 en 20 – PWL.

Die fisiese Israel het 'n 'hartoorplanting' nodig!

En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee, sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir my 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees. Eseg. 11:19 en 20.

Sonder 'n nuwe hart kan ons nie gehoorsaam wees aan die woorde van Yeshua nie, want 'n hart van klip kan nie besny word nie. Daarom het Yeshua gekom sodat die hart van klip uit elkeen verwyder kan word en met 'n hart van vlees vervang word wat besny kan word. Dit is ook waarna die profeet Jeremia verwys het:

Kyk, daar kom dae, spreek YHVH, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek YHVH. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek YHVH: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken YHVH; want

hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek YHVH; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie. Jer. 31:30 tot 34

Onder die nuwe verbond het YHVH vir ons 'n hart gegee om te verstaan, oë om te sien en ore om te hoor. YHVH se wet is nou in ons verstand gegee en op die tafels van ons harte geskryf (Heb. 8:8 tot 12). Ons het ook die Afgesonderde Gees op 'n besondere wyse ontvang sodat ons voortdurend geleer en herinner kan word aan alles wat Yeshua gespreek het. Yeshua Messias het dit alles moontlik gemaak!

Die werking van die Afgesonderde Gees is as te ware tweeledig. Nie alleen word ons gees deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua wedergebore nie, maar word die Afgesonderde Gees ook as 'permanente inwoner' in ons binneste gegee om die krag tot gehoorsaamheid aan die woorde van Yeshua te wees. Die Gees van YHVH besny ons harte om YHVH te kan liefhê met ons hele hart en siel sodat ons kan lewe.

Meer nog, יהוה, jou God, sal jou verstand, wil en emosie besny en die verstand, wil en emosie van jou nageslag, om יהוה, jou God, lief te hê met jou hele verstand, wil en emosie en met jou hele gees sodat jy kan lewe. Deut. 30:6 – PWL.

Yeshua is die besnydenis van ons hart.

Besny julleself tot יהוה en verwyder die onbesnedenheid van julle verstand, wil en emosie, manne van Y'hudah en inwoners van Yerushalayim, of anders sal My toorn soos 'n vuur uitgaan en brand met niemand om dit te blus nie, as gevolg van die boosheid van julle dade. Jer. 4:4 – PWL.

Laat ons ook nie die woorde van Moses vergeet nie toe hy aan die volk gesê het:

Omdat jy יהוה, jou God, nie met vreugde en oorweldigende blydschap van verstand, wil en emosie gedien het, vir die oorfloed van alles nie, sal jy daarom jou vyand, wat יהוה teen jou sal stuur, dien in honger, in dors, in naaktheid en in gebrek aan alles en hy sal 'n yster juk op jou nek sit totdat hy jou vernietig het. Deut. 28:47 en 48 – PWL.

Yeshua het gekom sodat ons lewe in oorfloed kan hê (Joh. 10:10b). Yeshua is die rede hoekom ons YHVH met vreugde en oorweldigende blydschap van verstand, wil en emosie moet dien.

Dit is ook belangrik dat gehoorsaamheid aan Torah altyd weens liefde vir YHVH en vir medemens moet wees en dat dit altyd 'n vreugde moet wees. Genade van vergifnis van oortreding van Torah (die wet) moet altyd ons vreugde van Torah-gehoorsaamheid wees.

Bepeins of Bespreek

1. Na wie se stem luister jy? Na die Rabbies van Rabbynse Judaïsme of na Rabbi Yeshua? Ons moet die God van Abraham, Isak en Jakob dien en **nie** die god van ons Rabbynse voorvaders nie. Dit is aan ons geestelike voorvaders, naamlik aan Abraham, Isak en Jakob, wat die evangelie verkondig is en dit is hulle wat dit geglo het.

Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham. En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke geseën word. Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham.

Gal. 3:7 tot 9.

2. Die Skrifte verklaar dat beide gelowige Jood en nie-Jood (heiden) wat Yeshua as Messias aanvaar het, die saad van Abraham is (Gal. 3:29). Op grond hiervan is gelowiges in Yeshua kinders van YHVH deur genade en kinders van Abraham deur geloof. Maar nou moet ons die vraag vra: Indien ons Hebreuse wortels by ons voorvader Abraham begin, waar eindig dit? Ons is eenstemmig dat Abraham, Isak en Jakob ons voorvaders is. Maar wie almal van Jakob se nageslag, en spesifiek van die van die stam van Juda, is ons voorvaders? Anders gestel: Is die wysgere van Rabbynse Judaïsme ook ons voorvaders? Ons kan hierdie vraag slegs beantwoord indien ons meer duidelikheid het oor wat die definisie van Rabbynse Judaïsme is. Die artikel 'Ons Hebreuse Wortels Hersien' wat afgelaai kan word by [HebreuseWortelsHersien](#) kan vir bespreking gebruik word.

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.